
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**RELIGIESTUDIES V1**

**MEI/JUNIE 2025**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 11 bladsye.**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

### VRAAG 1

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | B√ | (1) |
| | 1.1.2 | D√ | (1) |
| | 1.1.3 | A√ | (1) |
| | 1.1.4 | A√ | (1) |
| | 1.1.5 | B√ | (1) |
| | 1.1.6 | D√ | (1) |
| | 1.1.7 | C√ | (1) |
| | 1.1.8 | A√ | (1) |
| | 1.1.9 | D√ | (1) |
| | 1.1.10 | D√ | (1) |
| | | | **(10)** |
| 1.2 | 1.2.1 | Tao te Ching√ | (1) |
| | 1.2.2 | Monoteïsme√ | (1) |
| | 1.2.3 | Gelykenisse√ | (1) |
| | 1.2.4 | Tawhid√ | (1) |
| | 1.2.5 | Boeddhisme√ | (1) |
| | 1.2.6 | Sinkretisme√ | (1) |
| | | | **(6)** |
| 1.3 | 1.3.1 | G√ | (1) |
| | 1.3.2 | E√ | (1) |
| | 1.3.3 | A√ | (1) |
| | 1.3.4 | C√ | (1) |
| | 1.3.5 | H√ | (1) |
| | 1.3.6 | B√ | (1) |
| | | | **(6)** |
| 1.4 | 1.4.1 | Rabbi √<br>Die ander drie is Islamitiese praktyke. √ | (2) |
| | 1.4.2 | Upanishads√<br>Die ander drie is Joodse heilige geskrifte. √ | (2) |
| | 1.4.3 | Metodistekerk√<br>Die ander drie is Afrika-geïnisieerde kerke/sinkretiese kerke. √ | (2) |
| | 1.4.4 | Doop√<br>Die ander drie is Afrika Tradisionele Godsdiens-konsepte. √ | (2) |
| | 1.4.5 | Moses√<br>Die ander drie is name van God in verskillende godsdienste. √ | (2) |
| | | | **(10)** |

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.5 1.5.1 Onwaar: √
'n Doktrine is 'n geloofstelling/-oortuiging wat noodsaaklik vir 'n godsdiens is. √
'Doktrine' is 'n sinoniem vir godsdienslering/-onderrig. √
'n Doktrine is 'n stel fundamentele oortuigings. √
'n Doktoraat is die hoogste nagraadse graad wat aan 'n universiteit verwerf is/of honneursgraad. √ (2)

1.5.2 Onwaar√
Die Pali Kanon is die oudste heilige geskrif van Boeddhisme. √
Die Vedas is die eerste Hindoe heilige geskrifte.√ (2)

1.5.3 Onwaar √
Ortodokse Jode handhaaf godsdienstige wette wat Halakhah genoem word. √
Die eerste boek van die Bybel word Genesis genoem.√ (2)

1.5.4 Onwaar√
Sekularisme is 'n geloof dat die regering en moraliteit nie op godsdiens gebaseer hoef te wees nie. √
Teokrasie is 'n regeringstelsel waar priesters in die naam van God/gode regeer. √ (2)

1.5.5 Waar √√ (2)

1.5.6 Onwaar√
Die woord 'katoliek' beteken universeel. √
Die Pous is die hoof van die Katolieke kerk.√ (2)
**(12)**

1.6 1.6.1
- Hy is die stigter van die Etiopiese Kerk in 1892. √
- Hy was 'n prediker van die Wesleyaanse Metodistekerk en hy het weggebreek omdat hy met segregasie in die kerk en 'n gebrek aan broederskap tussen swart en wit predikers ontevrede was. √

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (2)

1.6.2
- Dit is 'n groep of sekte in Hindoeïsme. √
- 'n Klein godsdienstige groep was beskou word as dat hulle van Hindoe-tradisie afwyk. √

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (2)

1.6.3
- Dit is die heilige boek van die Bahá'i-geloof. √
- Dit bevat die meeste van die Bahá'ulláh se doktrines/leerstellings. √
- Daar word ook daarna as die Boek van Oortuiging/Heilige Boek verwys. √

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (2)
**(6)**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING B**

**VRAAG 2**

2.1 2.1.1
- Twee of meer godsdienste kan eenders wees in sekere opsigte, bv. Boeddhistiese en Hindoe-gelowe glo aan reïnkarnasie.
- Kenmerke wat verskillende gelowe in gemeen het.
- Het ooreenkoms met 'n spesifieke godsdiens.
- Dit beteken kenmerke wat by ‘n godsdiens in algemeen is.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (4)

2.1.2
- Kan as 'n sinoniem vir geloof of godsdiens gebruik word.
- Aanvaarding van 'n feit, 'n stelling, 'n lering/leerstelling.
- 'n Ferm opinie wat aan die spesifieke godsdiens se mense toegeskryf kan word.
- Vertroue of sekerheid wat godsdienstige mense het.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (4)

2.1.3
- Dit verwys na die individualiteit of persoonlikheid wat een godsdiens van die volgende onderskei.
- Dit is die kombinasie van al die kenmerke wat aan 'n spesifieke godsdiens behoort.
- Kenmerke wat spesifieke godsdienstige mense 'n gevoel van wie hulle is, gee.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (4)

2.2 2.2.1
- Jode glo Jahwe het homself aan Moses geopenbaar.
- Hulle goddelik geïnspireerde heilige geskrif, die Tora, is aan Moses op die Berg Sinai geopenbaar.
- God het 'n gelofte met hulle gesluit dat hulle Sy 'verkose mense' sou wees en dat hulle slegs Hom moes aanbid.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (4)

2.2.2
- Alle Taoïste lewe in harmonie met die weg van die heelal en strewe nie daarna om hulle eie begeertes te hê nie.
- Wu-wei, Volgelinge van Taoïsme, plaas hulle wil in harmonie met die natuurlike heelal.
- Dit is die enigste godsdiens wat tot gevegskuns aanleiding gee, in besonder Neijia.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (4)

2.2.3
- Daar is een almagtige God wat homself aan mense deur sy manifestasies openbaar.
- Mense het 'n rasionele siel met die unieke kapasiteit om God te herken.
- Alle mense is gelyk ongeag kleur, ras of geslag.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (4)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.3
- Soefisme is die mistieke dimensie van Islam. Dit is nie 'n sekte nie.
- Dit plaas die klem op sekere unieke rituele om geestelike soekers na 'n direkte ontmoeting met God te lei.
- Die ontmoeting met God word deur meditasie, kantillering ('chanting') (zikr) en 'n draaiende dansbeweging teweeggebring.
- Rumi is 'n beroemde 13de eeuse Sufi-digter.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (6)

2.4
- *Inkarnasie* is om 'n menslike vorm aan te neem, bv. God wat 'n menslike vorm in Jesus Christus aanneem.
- *Reïnkarnasie* is die geloof in die voortgaande/aanhoudende siklus van geboorte – dood – hergeboorte.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (4)

2.5
- Dit leer dat mense respek en empatie vir ander mense moet toon en diegene moet help wat fisies, sosiaal of geestelik behoeftig/hulpeloos is.
- Dit leer dat jy aan ander moet doen wat jy wil hê hulle aan jou moet doen.
- Dit leer dat volgens Afrika-waardes, 'n ryk persoon van sy beeste aan 'n arm persoon moet leen sodat hy/sy die koeie kan melk en hulle kan gebruik om die lande te ploeg.
- Dit leer dat behoeftiges nie vir hulp moet vra nie, rykes moet aanbied om te help.
- Dit leer die praktyk van *Ilima* waar mense as 'n groep byeenkom om mekaar teen geen koste nie, te help.
- Dit leer dat wanneer 'n arm persoon nie haar huis kan bou nie, sommige lede van die gemeenskap na haar plek moet gaan en haar help om bakstene te maak om die goedkoopste tipe behuising te bou.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (8)

2.6
- Elke godsdiens het hulle eie unieke kleredragkode.
- Hoe hulle hul godsdienstige oortuigings beoefen.
- Die manier waarop hulle 'n bepaalde leerstelling interpreteer en volg.
- Die unieke rituele en gebruike wat gehandhaaf word.
- Die meeste goddsdienste het ‘n spesiale dag van aanbidding, en dit bevorder ‘n gedeelde godsdienstige identiteit.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (8)
**[50]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 3

**3.1**

**3.1.1**
- Punjab-provinsie (2)

**3.1.2**
- Die man het haatlike inhoud teen Moslems op sosiale media geplaas.
- Om Islam in Pakistan te beledig, is met die dood strafbaar. (2)

**3.1.3**
- Die plaas van haatlike inhoud teen enige godsdiens is 'n misdryf.
- Sosiale media kan godsdienstige konflik en lewensverlies veroorsaak.
- Sensitiwiteit oor godsdienstige sake moet in ag geneem word voordat dit op sosiale media geplaas word.
- Die herplasing van haatlike inhoud op jou rekening is 'n strafbare misdryf.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (6)

**3.1.4**

**Moslems:**
- Moslems moes die twee mans gearresteer het en aan die polisie oorhandig het, in plaas daarvan om hul huise aan die brand te steek.
- Hulle moes nie die breër Christen-gemeenskap geteiken het nie.
- Moslems is deur Christene uitgelok.
- Bendementaliteit het geheers.
- Hulle het hulle woede teen die onverdraagsaamheid van die Christene getoon.

**Christene:**
- Christene moes sensitief gewees het oor Moslem-oortuigings/leringe
- Die skeur van die Koran het getoon dat hulle nie verdraagsaam teenoor ander godsdienste is nie.
- Christene het Korans in 'n Moslem-land verbrand. Dit was 'n daad van uitlokking.
- Hulle het hul verwerping van Koran-leringe op 'n onsensitiewe manier getoon.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (8)

**3.1.5**
- Die doodsvonnis is die hoogste straf.
- Dit is 'n skending van menseregte.
- Mnr. Ehsan Shan was nie eens die skepper van die boodskap nie: hy het iemand anders se boodskap weer geplaas.
- Die hof was te streng met hulle oordeel.

Aan die ander kant,
- Daar is alternatiewe strawwe wat die doelwit om godsdienstige respek en verdraagsaamheid op te bou, kan bereik.
- Islam is die staatsgodsdiens.
- Lastering is met die dood strafbaar.
- Die uitspraak het die duidelike boodskap oor lastering in Pakistan oorgedra.
- Terwyl die uitspraak in lyn was met die Grondwet van Pakistan, sou baie voel dat dit 'n baie streng vonnis is

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (8)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.2
- Massa-/Gedrukte media
- Uitsaaimedia
- Elektroniese media/internet
- Sosiale media (6)

3.3
- Die media moet alle godsdienste dieselfde behandel.
- Die media moet sensitief wees wanneer hulle verslag doen.
- Die media moet nie aanstootlike woorde in verband met sekere godsdienste gebruik nie.
- Inligting moet met betroubare bronne geverifieer word.
- Die media moet objektief wees.
- Die media moet probeer om godsdienstige leringe en praktyke te verstaan.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (10)

3.4
- Dit sal help as godsdienste sterk beleide en prosedures het wat riglyne gee oor hoe hulle op godsdienstige artikels in die media moet reageer.
- Hulle moet 'n woordvoerder aanstel wat media-kundig is om met die media om te gaan.
- Volgelinge van die godsdiens moet hulle mediaprotokol ken en dit volg.
- Godsdiens moet konfrontasie vermy en bewus wees dat daar gewoonlik heelwat kante van 'n storie is – joune, myne en die waarheid.
- 'n Oop en objektiewe benadering is beter as 'n woedende en verdedigende antwoord.
- Die negatiewe dekking kan wettig wees, en die godsdiensowerhede moet die onderliggende kwessies verstaan.
- As die verslag 'n werklike probleem oopvlek, moet die godsdiens na die verontregte persoon/persone uitreik.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (8)
**[50]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 4**

4.1 4.1.1
- Dit het in 2013 begin/toe President Bozize gevlug het. (2)

4.1.2
- Voormalige Seleka.
- Anti-Balaka (4)

4.1.3
- Die oorspronklike oorsaak van die konflik is die frustrasie van die Moslem-gemeenskap wat deur die regering in die SAR gemarginaliseer word.
- Die oorgangsregering het nie daarin geslaag om die vrede te herstel nadat die SAR-president uit die land gevlug het nie.
- Gevegte het tussen die voormalige Seleka- en anti-Balaka-groepe uitgebreek.
- Demokratiese verkiesings kon nie gehou word nie weens die geweld wat uitgebreek het.
- Die bevolking bly verdeeld langs godsdienstige lyne.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (8)

4.1.4
- Godsdiens is nie die hoofoorsaak van die konflik nie.
- Die hoofoorsaak is die mislukking van die regering om alle burgers gelyk te behandel.
- Die Seleka-groep het die bevooroordeelde regering aangeval om die weg te baan vir die kies van 'n nuwe regering.
- Die anti-Balaka-groep het wapens opgeneem en teen die Seleka-groep geveg.
- Die Seleka-groep word deur Moslems gedomineer terwyl die anti-Balaka deur Christene gedomineer word.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (10)

4.2
- Suid-Afrika is 'n sekulêre staat.
- Die Handves van Regte van die Suid-Afrikaanse Konstitusie waarborg godsdiensvryheid.
- Verskillende godsdienste bestaan naas mekaar en almal is vry om enige plek te aanbid ongeag ras, kleur of taal.
- Daar is geen staatsgodsdiens wat ander gelowe domineer nie.
- In openbare skole is daar vryheid van godsdiensbeoefening en gewete.
- Leerders met verskillende tale en godsdienstige agtergrond is vry om onderrig by skole van hulle keuse te kry.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (10)

4.3
- Hulle kan multigodsdienstige byeenkomste hou om godsdienstige verdraagsaamheid te skep.
- Alle godsdienste moet saam met die regering werk sodat alle godsdienste op gelyke vlak deur die regering behandel word.
- Alle godsdienste moet godsdiensvryheid bepleit.
- Alle godsdienste moet vredesinisiatiewe ondersteun.
- Godsdienste moet met plaaslike en internasionale godsdiensorganisasies en nie-godsdienstige organisasies saamwerk om konflik op te los.
- Hulle moet gesamentlik deelneem aan humanitêre projekte om 'n werksverhouding te ontwikkel.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (6)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

4.4 Die negatiewe impak van godsdienstige konflik kan die volgende behels:

- Die gemeenskap kan hulle eiendom en geliefdes verloor.
- Kinders kan hervestig word en hulle onderrig kan onderbreek word.
- Dit bevorder nie godsdiensverdraagsaamheid in die gemeenskap nie.
- Dit skep spanning en beperk sosiale aktiwiteite, soos sport, ens.
- Dit verhinder die ekonomiese groei van die gemeenskap.
- Die trauma wat deur die oorlewendes en getuies van godsdienskonflik ervaar word, kan 'n ernstige impak op die sielkundige welstand van die mense hê.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (10)

**[50]**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 5**

5.1 5.1.1

- Christenskap leer ons dat die 'Mens na die beeld van God geskape is'.
- Dit beteken dat mense gelyk is en so behandel moet word.
- Christenskap leer ons ook dat 'Jy jou naaste so lief moet hê soos jouself'.
- Liefde is vir almal en dit dui aan dat mense gelyk is en so behandel moet word.
- 'n Fundamentele beginsel van bestaan in Afrika Tradisionele Godsdiens is 'Ek is verwant; daarom is ek' (Ubuntu).
- Jy word aangemoedig om andere met bedagsaamheid en respek te behandel, soos jy self behandel wil word.
- Die ingesteldheid en praktyk van 'ubuntu' lei tot harmonie en gelykheid in die gemeenskap.

**'n Maksimum van AGT punte mag vir enige EEN godsdiens toegeken word.**
**Slegs die eerste twee godsdienste wat deur die kandidaat bespreek is, mag gekrediteer word.**
**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (12)

5.1.2

- Godsdiensorganisasies kan werkswinkels hou om mense oor menseregte te bewus te maak.
- Neem aktief deel aan aktiwiteite wat die skending van menseregte voorkom, bv. xenofobie.
- Hou intergodsdienstige konferensies om vryheid van aanbidding te bevorder.
- Beplan en organiseer aktiwiteite om die skending van menseregte te beklemtoon, bv. vroue- en kindermishandeling.
- Werk saam met die media om menseregte te bevorder.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (8)

5.1.3

- Suid-Afrika het in 1994 'n demokratiese Konstitusie aangeneem wat die beskerming van menseregte waarborg.
- Volgens ons Konstitusie wat op menseregte gebaseer is, het alle mense, ongeag kleur, ras, geslag en geloof gelyke erkenning.
- Suid-Afrikaanse wetgewing erken nou vroulike leiers in alle lewensfere (geslagsbalans).
- Die Menseregtekommissie is bemagtig om sake van enige vorm van diskriminasie, rassediskriminasie ingesluit, te ondersoek.
- Die Konstitusionele Hof het die mag om alle wette te toets om seker te maak dat dit in ooreenstemming met die Konstitusie geskryf is.
- Ekonomiese beleide, soos BBSEB ('BBBEE') (Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging ('Broad-Based Black Economic Empowerment') oorbrug die ongelykhede van apartheid.
- As gevolg van al hierdie veranderinge in Suid-Afrika is dit duidelik dat die Suid-Afrikaanse regering die Universele Verklaring van Menseregte handhaaf.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (12)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

5.2
- Daar was baie meer intergeloofsamewerking tydens die apartheidsjare.
- Die Wêreldkonferensie van Godsdienste vir Vrede het in 1984 organisasies soos die Afrika Raad van Kerke ('African Council of Churches'), die Oproep tot Gebed Islam ('Call of Islam') en Jode vir Geregtigheid ('Jews for Justice'). Al hierdie organisasies het eenparig die apartheidswette van die land veroordeel.
- Indien 'n godsdienstige leier in aanhouding doodgemaak is, het Jode, Christene, Hindoes en ander aangesluit by die verset (protes) teen die apartheidsregering.
- Die Suid-Afrikaanse tak van WGP ('WCRP'), gelei deur mense soos Frank Chikane en Desmond Tutu het protesoptogte teen apartheid gelei.
- Leiers van verskillende gelowe was ook betrokke by die stryd teen apartheid, bv. dr. Yusuf Dadoo, Rev. Dennis Hurley, Rowan Smith, ens.
- Die African National Congress (ANC) is gelei deur godsdiensleiers soos Chief (Hoof) Albert Luthuli en dr. JL Dube.
- Baie van vryheidstryders het skuilplek in godsdienstige geboue gekry.
- Tydens die eerste demokratiese verkiesing het godsdienstige organisasies 'n belangrike rol gespeel as waarnemers en om gemeentelede aan te moedig om te stem.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (10)

5.3
- Die Westerse standpunt wentel om die individu wat 'n persoonlike reg het om sy/haar godsdiens of nie-godsdiens vrylik te kies.
- Die Westerse begrip van godsdiens beteken die volgeling kan kies op aan slegs een godsdiens op 'n keer te behoort.
- Die Oosterse standpunt is nie individualisties nie; die is gemeenskap-gesind en inklusief.
- Daar is vryheid om aan meer as een godsdiens op 'n keer te behoort.
- In die Oosterse kultuur word godsdiens as gemeenskaplik beskou, in 'n gees van verdraagsaamheid.
- In die Weste moet jou godsdiens nie die regte van ander mense beïnvloed nie.
- Baie Oosterse mense sê dat hulle terselfdertyd Boeddhisties en volgelinge van Confucius is of, in Japan, beide Sjinto en Boeddhis.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (8)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African